

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Februarie 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 73:1, 12 (p. 366)

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 75:1, 2, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde in vaste stand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 116:3, 7, 8 (p. 569)

- 3 “Ag, red my, HEER, na u beloftenis!” / Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.
- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Skriflesing: Jesaja 44:24-45:13

Kernverse: Jesaja 44:28-45:1

Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word. So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie. (Jesaja 44:28-45:1 AFR53)

Tema: Hoekom betwyfel ons die Here se goeie werk so maklik?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense is van nature skepties en agterdochtig. In die daaglikse lewe kry mense dit nie reg om mekaar sommer net te vertrou nie. Daar is seker goeie redes hoekom mense mekaar nie van die staanspoor af kan of wil vertrou nie. Mense wat al 'n stel afgetrap het omdat hulle iemand se woord goedertrou aanvaar het en groot verliese daarna gely het, gaan dit moeilik regkry om iemand sommer net weer te vertrou.

Mense is egter nie net teenoor ander mense agterdochtig en skepties nie. Daar is selfs mense wat agterdochtig is teenoor die Here. Vir gelowiges is dit natuurlik hartseer as 'n mens die evangelie van Jesus Christus aan ongelowiges verkondig en hulle is traag om die evangelie te glo omdat hulle nie vertrou nie. Van nature kan mense nie glo dat jy van al jou sondeskuld verlos kan word net deur in Jesus Christus te glo nie. Hulle kan nie dink dat 'n mens iets verniet kan kry nie. Hulle het grootgeword met die idee dat daar niks verniet in die lewe is nie. Jy moet werk vir wat jy wil hê.

Gelowiges wat deur die Heilige Gees begrip gekry oor hoe God mense deur sy Seun Christus verlos het en hoekom Hy dit so gedoen het, sal nie meer oor die verlossing agterdochtig wees nie. Dankbaar glo hulle die Here. Maar dit beteken nie dat gelowiges nooit die Here se werk sal bevraagteken nie. Omdat gelowiges nie die vermoë het om al die Here se werke altyd glashelder te verstaan nie, vra hulle vrae daaroor. Vir baie jare al word daar gewonder oor die wysheid van die wêreldekonomiese insinking, want kyk net hoe baie mense negatief daardeur geraak word. Mense verloor hulle werk en dan is dit in baie gevalle die enigste broodwinner van 'n gesin waar daar klein kindertjies is. Gelowiges vra vrae oor die Here se handewerk ten opsigte van ons gesinslewe wanneer dit lyk asof die verhoudinge in die gesin nie wil regkom nie. Sommige vra selfs vrae oor die onlangse geskiedenis in ons eie land. Hoe kon dit gebeur het dat iemand soos Jacob Zuma oor wie se karakter daar baie vraagtekens is en om wie se persoon daar soveel omstredenheid is die president van Suid-Afrika word.

Israel het in hulle omstandighede ook vrae gevra oor die Here se werk. Hulle het die wysheid van sy plan betwyfel. Maar kom ons teken net eers die agtergrond van die gebeure in ons gelese gedeelte. Jesaja het vanaf 741 vC as profeet begin optree. Deur hom het die Here sy volk gewaarsku oor hulle sondes, maar Israel wou nie na die Here luister nie. Die uit-eindelike gevolg van Israel se ongehoorsaamheid was dat hulle in 586 vC deur Nebukad-nesar van Babel in ballingskap weggevoer is. Jerusalem is verwoes en verbrand en die tempel is afgebreek. Hierdie profesie wat ons gelees het, is gebeure wat sou plaasvind wan-neer Israel lankal in ballingskap sou wees. Jesaja het vanuit die tyd waarin hy geleef het hierdie dinge vooruit gesê omdat die Here hom deur sy Gees gelei het om dit te profeteer.

Met hierdie agtergrond kan ons nou terugkeer na die profesie wat ons gelees het. Israel se omstandighede was werklik benard. Hulle sit as ballinge in 'n vreemde land. Hulle eie land lê verwoes. Van die tempel het daar net 'n murasie oorgebly. Baie van hulle het as klein kindertjies na Babel toe gekom en ballingskap is al wat hulle ken. As gevolg van hierdie omstandighede het baie van Israel al moed opgegee. Al die beloftes wat die Here aan Abraham-hulle oor die beloofde land gemaak het en die beloftes aan Dawid dat daar altyd iemand uit sy nageslag op die troon in Jerusalem sal sit, lê nou in die vergetelheid. Hulle dink nie eers meer aan daardie beloftes nie, want daar is tog geen manier waarop hulle uit hierdie benoudheid sal kan kom nie. Hulle is gevangenes en die Babiloniërs is 'n wêreldmoondheid.

Dit is juis in hierdie benarde omstandighede wat die Here hierdie verrassende woorde tot hulle rig. Die Here stel Homself bekend as Israel se Verlosser en Skepper. In plaas daarvan dat die Here sommer dadelik die verrassing bekend maak, naamlik dat hulle na Jerusalem toe sal teruggaan, sê Hy eers duidelik dat Hy en net Hy alleen regtig die Skepper van alles is. Waarom doen die Here dit, wil 'n mens weet. Israel behoort tog te weet dat die Here alles self geskep het. Hulle het mos die Woord van die Here.

Broers, susters en kinders, ons het ook die Woord van die Here, maar glo ons die Here altyd. Nee. Daarom het die Here weer vir hulle gesê dat Hy alleen die Skepper van alles is. Israel het natuurlik in hulle benoudheid al gedink die Here het hulle vergeet. En nou kom Hy en Hy sê Hy is hulle Verlosser. Die Here het geweet dat hulle Hom nie sommer sou vertrou het nie. Deur hulle weer te herinner aan sy groot skeppingskrag wil Hy vertrou by hulle wek. As die Here uit niks uit die ganse skepping te voorskyn geroep het, kan Hy mos nou sy volk uit die hande van die Babiloniërs verlos.

Israel moet hulle nie aan die storiëtjies van toekomsvoorspellers en waarsêers steur nie. Hulle wil Israel laat verstaan dat die Here hulle regtig vergeet het. Niemand sal hulle ooit uit Babel kan verlos nie. Die Here sê Israel moet van daardie bangmaakstories vergeet. Hy is die Verlosser en Skepper van Israel, daarom sal Hy die aankondiging van sy boodskappers waar laat word.

En dan laat die Here sy blye boodskap uit die mond van Jesaja: Jerusalem sal weer bewoon word, Juda se stede sal herbou word. Israel, julle sal teruggaan na julle land toe, want Ek gaan Babel ruïneer. Sy waters sal opdroog, sê die Here.

'n Mens kan in jou geestesoog sien hoe die Israëliete se gesigte verhelder. Hulle gesigte straal van geluk en blydschap, want hulle gaan terug Jerusalem toe. Kindertjies vra vir hulle ouers wat is nou aan die gang en pa's en ma's sê opgewonde dat hulle Here hulle gaan verlos. Hulle gaan terug na die beloofde land toe. Dan vertel die Here verder deur sy profeet wie Hy gaan gebruik en hoe Hy sy volk gaan verlos.

Daar klink 'n opgewondenheid in die woorde van die Here. Hy het vir Kores as herder aangestel. Kores gaan sorg dat Jerusalem herbou word en die tempel herstel word. Kores gaan die Israëliete laat terugkeer na Jerusalem, want hy is die gesalfde van die Here. En die Here gaan verder om te sê hoe Hy vir Kores gaan help om ander volke te oorwin en vir hom rykdomme gaan gee ter wille van Israel, die volk wat die Here vir Homself uitgekies het. Die Here sal alles vir Kores moontlik maak sodat hy Israel vrywillig na hulle land laat terugkeer en boonop ook nog alles beskikbaar maak wat nodig is om Jerusalem en die tempel te herbou.

Die Here sê self dat Hy al hierdie dinge vir Kores gaan doen, alhoewel Kores die Here nie ken nie. Hy gee aan hom die eretitel van herder en gesalfde van die Here, alhoewel Kores 'n afgodsdienaar is. Maar wie is hierdie Kores? As ons weet wie Kores is, sal ons die Israëliete se reaksie ook begryp. Kores was die koning van die Persiese Ryk, die koninkryk wat na die Babiloniërs die wêreld oorheers het. Hulle was net soos die Babiloniërs 'n spul heidene.

Wanneer die Here opgewonde voortgaan om vir Israel te sê hoe Hy hulle uit Babel gaan verlos, word die Israëliete se gesigte strak. Die blydschap wat so flussies van hulle gesigte gestraal het, verdwyn. Party begin frons, ander begin onderling mor en ander sê sommer kliphard, sien julle, ons kan nie die Here vertrou nie, want Kores is net nog 'n maglustige heiden wat ons net nog langer weg sal hou van ons land en tempel.

Hierdie gefrons en gemor het gekom omdat die Here vir Kores 'n herder en gesalfde van die Here noem. Die Hebreeuse woord vir *gesalfde* is *messias*. Die konings uit die geslag van Dawid het as gesalfdes van die Here bekend gestaan. Ons ken ook die Naam *Messias*, want Jesus is die Messias, die Christus. Ons voel in onself saam met die Israëliete ongemaklik as die Here vir Kores sy messias noem. Het die Here dan nou sy beloftes aan Dawid dat daar altyd iemand uit sy huis as koning sal heers, van die baan geskuif. Nee, sê die Here, Ek het nie van my beloftes vergeet nie. Kores is tydelik die Here se gesalfde in die spesifieke tyd vir hierdie besondere taak om Israel uit hulle ballingskap te laat terugkeer na Jerusalem.

Die Here se plan is nog voor die skepping in plek gewees. Hy weet waar Hy uiteindelik alles wil bring. Israel moet uit die ballingskap na Jerusalem terugkeer, nie maar net omdat hulle die uitverkore volk van die Here is nie, maar omdat die Here 'n baie groter en heerliker plan het vir al die mense op die aarde. Ons hoor hierdie toekomsplan van die Here wanneer Hy twee keer die rede gee hoekom Hy nou vir Kores sy herder en gesalfde gemaak het. Hy sê dit in in vers 3:

sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel
(Jesaja 45:3 AFR53)

en weer in vers 6:

sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie.
(Jesaja 45:6 AFR53)

In kort dan, die Here gaan vir Kores gebruik om sy volk na Jerusalem toe terug te bring, Jerusalem, die stad wat die Here gekies het om die middelpunt van sy koninkryk op aarde te wees. Dit is immers vanuit Jerusalem wat die Here die nuus wil laat versprei dat Hy die enigste Here is en buiten Hom is daar niemand anders nie. Ons wat vandag leef kan nou maklik terugkyk en sien wat God se langtermynverlossingsplan was. Dit is immers na Jerusalem toe waarheen die eintlike Messias, die Seun van die lewende God gekom het, Christus Jesus ons Here. Dit is in Jerusalem aan die kruis op Golgota waar die Here sy genade en regverdigheid in Jesus vir die ganse wêreld ten toon gestel het. Jesus het die onreg en sonde van die wêreld op Hom geneem en daarvoor aan die kruis gesterf. En elkeen wat in Jesus Christus glo, ontvang deur die Heilige Gees die genade om deur God vry-gesprek te wees van sy sonde en die ewige lewe te verkry. Van die ooste af tot in die weste het mense al hierdie blye boodskap vanuit Jerusalem gehoor.

Dit is oor hierdie groot verlossingsplan wat die Here so opgewonde is en die skepping is saam met die Here opgewonde. Die wolke laat reën uitsak en die aarde breek oop en laat

voorspoed ontkiem en trou uitspruit. Die skepping juig, want die Here begin om 'n einde maak aan die sonde wat ellende oor die hele aarde gebring het. Die Here is opgewonde, die skepping juig van blydschap, maar Israel mor en kla en vra vir die Here: Wat is U besig om te doen? Party sê selfs: Hy kan nie sy hande gebruik nie! Die Israeliete wil uit die ballingskap verlos word, ja, maar nie op die manier wat die Here dit wil doen nie. Hy kan mos nie 'n heiden sy herder en gesalfde wil noem nie. Eeue later het die Jode dieselfde geredeneer oor Jesus. Hoe kan Hy, wat maar 'n timmerman se seun is, mense se sondes vergewe, sê dat Hy dat die tempel sal afbreek en dit weer in drie dae opbou, sê dat Hy die Christus, die Messias van God is.

Israel se verstaan van hoe die Here is en hoe Hy te werk gaan, het gekeer dat hulle Hom kon vertrou toe Hy gesê het dat Hy vir Kores gaan gebruik om hulle te verlos. Dit is gewoonlik ons eie verstaan van die Here en sy werk wat tot vandag toe maak dat ons nie die Here ten volle kan vertrou nie. Ons weet die Here sê dat Hy alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. En wanneer daar dan siekte oor ons kom, of skielike armoede tref ons, of 'n gesin word deur 'n egskeiding geruk, dan vra ons: Maar hoe dan nou, ons was nog altyd onder die indruk dat die Here alles ten goede vir ons sal laat meewerk. En dan kom ons amper daar of gaan selfs sover om soos 'n stuk klei te vra: Wat maak jy, pottelbakker? Jy kan seker nie jou hande gebruik nie. Miskien het jy ook soos ek gedink oor ons president. Sjoë, Jacob Zuma, president van Suid-Afrika, na alles wat hy aangevang het? Maar die Here ons goeie God het hom aangestel, want alle gesag kom van die Here af. Hy stel konings aan en Hy haal hulle weer van die troon af.

Wanneer ons mense nie die Here vertrou in wat Hy doen nie, maak ons Hom hartseer. Met ons beperkte insig en 'n verstand wat in elk geval nog deurweek is met selfsug, wil ons die Here bevraagteken oor sy wysheid. Die Here sê: Moenie dit doen nie, maar kom staan langs My en kyk saam met My na waarheen Ek met jou en die hele skepping op pad is. Die Here het alles geskep en Hy stel alles in sy skepping, of dit nou heidenmense soos Kores is, of siekte of rampe in sy diens, om met sy mense en sy skepping uit te kom waar Hy hulle wil hê. Die Here is met alles op pad na die nuwe aarde en die nuwe hemel. Maar vir ons om daar te kom, moet ons nog van 'n klomp dinge ontslae raak sodat die beeld van Christus werklik helder en duidelik uit ons kan straal. Soms gebruik die Here mense daarvoor, mense wat ons glad nie dink geskik is daarvoor nie. Soms gebruik die Here 'n sagte woord om te laat gebeur wat Hy wil. Maar wat die Here ook al gebruik, Hy het een doel voor oë, 'n nuwe aarde waarop daar nooit weer sonde sal wees nie en waar Hy en Christus vir ewig saam met sy kinders kan leef en regeer onder 'n nuwe hemel.

En diegene wat die Here nie ken nie en ook nie wil ken nie, sal sy opdragte uitvoer sonder dat hulle betaling of 'n geskenk daarvoor sal ontvang. Mag die Heilige Gees die vertrouë in ons harte wek, ons lei om langs die Here self te staan en ons oë oopmaak sodat ons ook so ver soos Hy kan sien en met vertrouë leef na die wederkoms van Christus toe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe, maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe. Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming! Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë. HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:

laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 98:1 (p. 488)

1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Februarie 2017